



Winteronkruid om mee rekening te hou ná die someroes

ELBÉ HUGO en MARLENE VAN DER WALT, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Vogbewaring en die bestuur daarvan raak krities vir volhoubare gewasproduksie. Winteronkruid is net sulke sterk kompeteerdere vir vog en voedingstowwe soos someronkruid. Daarom is dit tog belangrik om winteronkruidinfestasies dop te hou en te beheer wanneer dit welig groei.

Saadstorting in die winter moet ook bekamp word sodat die probleem nie oor tyd eskaleer nie. Winteronkruid ryp nie dood nie en om te skoffel is nie wenslik nie, omdat te veel grondvog verlore gaan.

Die mees algemene winteronkruid wat voorkom waar somergewasse geplant was, is radiatorbossie (*Senecio consanguineus*), sydissels (*Sonchus* spp.) vaalskraalhanse (*Conyza* spp.) en witblombloudissel (*Argemone ochroleuca*).

Sommige onkruidspesies kan wel ook laat in die somer begin ontkiem en deur die winter saad stort. Sulke onkruid sluit kakiebos (*Tagetes minuta*), kleinkakiebos (*Schkuhria pinnata*), knapsekêrels (*Bidens* spp.) en Kaapse duwweltjie (*Emex australis*) in.

Gedurende die afgelope paar seisoene het die voorkoms van Kaapse duwweltjie verhoog en wanneer dit toegelaat word om onbeheer te groei, kan dit 'n paar bespuitings kos om getalle weer onder beheer te kry. Die meeste winteronkruidspesies is breëblaar-spesies (dikotiele) en kan effektief met na-opkomsonkruidodders beheer word. Onkruidodertoediening met 'n hoogloopspuit is ideaal omdat bespuitings gedoen kan word terwyl gewasse (afgedroog) nog op die land staan.

1



2



3



- ▶ 1: Radiatorbossie (*Senecio consanguineus*).
- ▲ 2: Gewone sydissel (*Sonchus oleracea*).
- ◀ 3: Witblombloudissel of Meksikaanse papawer (*Argemone ochroleuca*).

“

Die goue reël met onkruidbeheer is dat hoe kleiner die onkruid is, hoe meer effektief kan dit beheer word.

”

